LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT
GRAAD EEN AKADEMIESE KWARTAALPROGRAM
TEMA: TROETELDIERE

Geagte Ouers

Ons gaan die week 'n 3D-troeteldier maak. Bring asb. die volgende skooltoe voor Donderdag.

1. ***Soutklei:***

   Bestanddele

   - *2 Koppies meel*
   - *1 Koppie sout*
   - *2 Teelepels olie*
   - *'n Koppie water*

   Metode

   - *Meng die meel en die sout.*
   - *Voeg die olie by en voeg dan die water stadig by tot dat dit so styf is soos wat jy wil hê.*
   - *Die klei moet wit wees.*



2. **Skoenboks.**
3. **1x leë karton melkhouer.**
4. **2x A4 Skuurpapier.**
5. **1 Groot plastiekdoppie/prop.**

Week 1:

- ♥ Huiswerk word uitgegee- merk asb en gee Vrydag in.
- ♥ Spelling: bles blaar bleek wen hen pen bees lees eet beet
- ♥ Leeskaarte word by die huis geoefen.
- ♥ Bou woorde en sinne met e en ee klanke.
- ♥ Rympie: Ou Wagter en Troeteldierwinkel.
- ♥ Assessering van Afrikaans luister en praat: Volgorde van storie.
- ♥ Engelse rympie: I am not affraid of pussy cats.
- ♥ Letterland: Ticking Tess.
- ♥ Engelse Spelling: top tin to tan ten
- ♥ Luister na Engelse storie en vertel terug.
- ♥ Assessering van Engels listening and speaking: Match the sentences.

- ♥ Getal 13 se maats.
- ♥ Getal 13 is ‘n onewegetal.
- ♥ Wat staan voor en na 13.
- ♥ Een meer en een minder as 13.
- ♥ Twee meer en twee minder as 13.
- ♥ Getal 13 verdubbel is 26.
- ♥ Tel tot 80 en terug, tel in ewe-en onewegetalle .
- ♥ Tel in veelvoude van 2, 3, 5 en 10.
- ♥ Bespreek versorging van troeteldiere.
- ♥ Maak asb. seker dat u kind al die nodige skryfbehoeftes het. Indien u kind steeds onseker is van aangeleerde klanke, oefen asb. by die huis. Dit beïnvloed woordbou, sinsbou en lees.

MAAK JOU BREIN SLIMMER:

Week 1

- ♥ Fynmotories: Bou legkaarte by die huis.
- ♥ Ouditief: Speletjies

Ouditiewe speletjies:

1. Gee opdragte aan leerder om uit te voer wat uit meer as een deel bestaan bv. “Gaan haal vir mamma die naelknipper in die badkamerkassie en gaan bêre jou skoene in jou kas.” Vermeerder die opdragte eers na drie of meer dele sodra die leerder twee opdragte heeltemal kan uitvoer.
2. Sê vir die leerder ‘n woord bv. “magneet" …laat die leerder dan eers speel of huiswerk doen of aandete eet…vra daarna vir die leerder wat die woord was.

TEMA: MANIERE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Week 2:

- ♥ Tuiswerk word gegee, handig dit asb. Vrydag in.
- ♥ Spelling: mus kus lus suur muur vuur huur skop skaap skep
- ♥ Uu klank word aangeleer.
- ♥ U en uu woorde word ingeskerp, asook sinne.

- ♥ Bou uu woorde in Woordboulêer.
- ♥ Leeskaarte word tuis geoefen.
- ♥ Afrikaans assessering: Praat oor troeteldiere en luister in die klas.
- ♥ Getal 14 se maats.
- ♥ Getal 14 is ‘n ewegetal.
- ♥ Wat staan voor en na 14.
- ♥ Een meer en een minder as 14.
- ♥ Twee meer en twee minder as 14.
- ♥ Verdubbel en halveer 14.
- ♥ Tel tot 80 en terug. Tel in 2`s,5`e en 10’e
- ♥ Werk met getalpatrone, optel en aftrek, verdubbel, halveer, hoofrekene, probleemoplossing en 3D vorms.
- ♥ Rympie: 10 little fingers.
- ♥ Storie: The Pancake Man.
- ♥ Letterland: Poor Peter.
- ♥ Spelling test: pan pen pin pet Pat
- ♥ Engels assessering: Talk about your pet.
- ♥ Bespreek goeie en slegte maniere.
- ♥ Praat oor ons verantwoordelikhede.

MAAK JOU BREIN SLIMMER:

Week 2

- ♥ Ruimtelik: Teken die prente presies net so oor in die blokke.













Dankie vir u positiewe samewerking.

Groete

Graad een personeel